Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

17 Januarie 2025

Beste Ouers

Baie welkom aan al ons ouers en kleuters. Ons vertrou dat u kleuter alreeds tuis voel en baie gelukkig by Klein Lochieland sal wees. Bestudeer asb. dié lywige brief volledig, aangesien ons baie inligting rakende skoolaktiwiteite gaan deurgee.

D6-KOMMUNIKEERDER
Soos meeste van die ouers weet, maak Laerskool Lochnerhof van die D6-kommunikeerder gebruik. Klein Lochieland maak ook daarvan gebruik om alle kommunikasie, nuusbriewe en belangrike inligting daarop te laai. Ouers van Klein Lochieland word op die oomblik op die D6 gelaai en u sal 'n sms ontvang waarop u moet registreer. Ons stuur hierdie week die nuusbrief ook nog per e-pos.

PERSONALIA
Baie welkom terug aan al ons personeellede!

Ons het die volgende verjaarsdae hierdie maand:

- ***Juffrou Edwina, assistent van die Hasieklas verjaar 25 Januarie***
- ***Juffrou Chandré, assistent van die Miertjieklas verjaar 27 Januarie***

SKOOLTYE
Vanaf Maandag ontvang die personeel die kleuters by die Klein Lochieland hek. Hulle sal self die kleuters na hul klasse neem. Om selfstandigheid te bevorder verkies ons dat ouers nie meer saam na die klasse gaan nie.
Skooltye:
Graad R: 07:45 tot 12:30
Graad RR: 08:00 tot 12:15

BUITEMUURSE AKTIWITEITE VIR KLEIN LOCHIELAND-LEERDERS
Ons buitemuurse aktiwiteite gaan soos volg aangebied word:

Maandae:	**"Skool" netbal vir dogters (SLEGS GRAAD R)** **"Skool" rugby vir seuns (SLEGS GRAAD R)** **STEM-Nerds** *(inskrywingsvorms volg)*
Dinsdae:	**"Skool" tennis vir seuns (SLEGS GRAAD R)** **"Skool" hokkie vir dogters (SLEGS GRAAD R)** **Ballet** vir dogters *(inskrywingsvorms volg)* **Rugga Roots** vir seuns *(inskrywingsvorms volg)*
Woensdae:	**"Skool" tennis vir dogters (SLEGS GRAAD R)** **"Skool" hokkie vir seuns (SLEGS GRAAD R)** **Wicket Cricket** *(inskrywingsvorms volg)* **Gymfants** *(inskrywingsvorms volg)*
Donderdae:	**"Skool" atletiek vir seuns en dogters (SLEGS GRAAD R)** **Playball** *(inskrywingsvorms volg)* **Karate** *(inskrywingsvorms volg)* **Netbal IS** *(inskrywingsvorms volg)*

Vrydae: **“Skool” krieket vir seuns en dogters (SLEGS GRAAD R)**
Lochiekids rugby (SLEGS GRAAD RR) *(inskrywingsvorms volg)*

Let Wel: **Buitemuurse aktiwiteite is NIE verpligtend NIE.** Die kleuters gaan vanaf eerskomende Maandag ‘n demonstrasieles in die buitemuurse aktiwiteite ontvang waarvoor ouers moet inskryf. Vir die skoolsporte hoef daar nie ingeskryf te word nie- ouers moet net die onderwyseres in kennis stel. Dit is slegs ‘n halfuur blootstelling (tot 13:10) aan al die sporte wat Laerskool Lochnerhof aanbied en word deur die Klein Lochieland personeel aangebied.

U sal by die Oueraand al die inligting en pamflette ontvang.

KINDERKINETIKA
Ons is baie trots om te kan noem dat ons die enigste Pre-primêre skool in die Helderbergkom is, wat dié aktiwiteit by ons skoolgeld insluit. Al ons kleuters ontvang weekliks een half-uur les by ‘n opgeleide Kinderkinetikus. Die program fokus op die ontwikkeling van kleuters se grootmotoriese vaardighede deur beweging. Dit is baie belangrik vir die kind se algehele ontwikkeling en skoolgereedheid. Graad RR ontvang dit op Maandae en Graad R op Woensdae.
Kinderkinetika lesse begin Maandag 27 Januarie.

STEMKLAS / ROBOTIKA en KODERING

Stem-klassies gaan elke tweede week deur Juffrou Maritha vir elke RR-kleuter aangebied word. STEM is die voorbereiding van Robotika en Kodering wat een van die nuwe vakke is wat aangebied word by skole. Hulle gaan op ‘n baie eenvoudige manier begin en alles in die vorm van speletjies.
Die Graad R-kleuters gaan weekliks Robotika en Kodering vir een uur per klas ontvang.
Hiérdie klasse sal ook op Maandag 27 Januarie begin.

SKRYFBEHOEFTES
Ons herinner net weer dat ouers GEEN skryfbehoeftes hoef te koop nie. Dit is ingesluit by die skoolgeld wat ouers betaal. Daar word slegs **R250 in ‘n koevert** aan die onderwyseres oorhandig gedurende die eerste week van skool. **SLEGS KONTANT.** Kleuters ontvang dan ‘n voorskoot, skoolhempie en waslap.

Skoolhempies sal Vrydae en tydens in- en uitstappies gedra word.

Kleuters ontvang Woensdag, 22 Januarie hul skoolhempies indien die R250 reeds betaal is. Hulle kan dan die hempies na die **Kenmekaarbraai** aantrek. Indien u ‘n skoolhempie wil omruil, ontvang ons dit slegs in sy sakkie terug (nie gedra nie). U kan dus Donderdagoggend hempies omruil as dit nie pas nie.

SKOOLGELD
Ons wil elke ouer bedank vir getroue betaling van skoolgelde. Ons herinner u daaraan dat skoolgeld betaalbaar is van Januarie tot November 2024 en dat alle gelde betaalbaar is voor of op die 7de van die maand. Slegs deur die getroue betaling van skoolfonds kan ons opvoeding van die hoogste moontlike gehalte bied.

Bankbesonderhede waarin skoolgelde betaal word:
Laerskool Lochnerhof
Rek. No: 420 490 003
Takkode: 632005
Verw: U sal ‘n familiekode ontvang.
Kontak **finansies@lochnerhof.co.za** vir enige inligting rakende gelde.

KENMEKAARBRAAI EN KLEUTERATLETIEK: VRYDAG, 24 JANUARIE
Al ons ouers word vriendelik uitgenooi na ons bring en braai/piekniek op die Klein Lochieland terrein (Laerskool se B-veld) volgende Vrydag, 26 Januarie, om 18:30. Die braai skep ‘n geleentheid vir al ons ouers om mekaar beter te leer ken. Bring asb. u eie kos, verversings, eetgerei, stoele of komberse saam. Braaidromme sal voorsien word. Bring asb. u eie rooster saam. U kan ook ‘n piekniek kom hou indien u dit sou verkies. Vure word om 21:30 geblus en almal verdaag teen 22:00.

Ons vra dat elke graad R-kleuter voor-af 5 stukkies braaihout in 'n plastiese sak skool toe bring, asb.

Die kleuters se atletiek-wedloop vind ook dié aand plaas. Dit begin **stiptelik om 19:00** op die Laerskool se sportgronde. Die program vir die atletiek is soos volg:

1. Bytjieklas
2. Skoenlapperklas
3. Besieklas
4. Miertjieklas
5. Naaldekokerklas
6. Eendjieklas
7. Beertjieklas
8. Vissieklas
9. Hasieklas

Ons wil 'n vriendelike beroep op ouers doen om ASB op die pawiljoen te sit sodat al die ouers hul kleuters kan sien hardloop. Ons sal baniere ophou om te wys watter klas hardloop.

Indien dit sou reën (en die terrein baie nat is) of 'n stormsterkte wind waai, word die braai afgestel. Die personeel sal dit met die ouers kommunikeer per WA-groepe.

Die rede waarom ons éérs braai en dan die oueraand het, is om vir ouers die geleentheid te gee om mekaar te leer ken en dan by die oueraand die komitee te kies. Die komitee speel 'n belangrike rol in die besluite wat aangaande Klein Lochieland geneem word.

NOMINASIE VIR DIE OUERKOMITEE
Vind aangeheg inligting aangaande nominasies vir ouerkomitee-verkiesing tydens die oueraand. Stuur die afskeurstrokies Maandag, 27 Januarie (of vroeër) terug skool toe, asb. Afsnytyd is om 08:00. Dit kan ook per e-pos gestuur word na **mhuman@lochnerhof.co.za**

OUERAANDE
Graad R oueraand in u kleuter se klas: Dinsdag **28 Januarie** om 18:30
Graad RR oueraand in u kleuter se klas: Woensdag **29 Januarie** om 18:30

Dit is slegs vir ouers, asb. Op dié betrokke aand ontvang u meer inligting oor die komende jaar. Die ouerkomitee word ook dan verkies. Omdat belangrike inligting die aand aan u deurgegee word, **moet minstens één van die ouers asb. die aand bywoon**. Slegs in die geval van ouers wat geskei is, mag albei ouers dit bywoon. Dit is in belang van u kleuter. Bring asb. 'n pen saam en kontak asb. u onderwyseres indien u dit nie kan bywoon nie.

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN NASORG EN WAGKLASSIE?
Wagklassie is vir kinders wie se ouers nog Laerskool leerders het, wat later afgehaal moet word. Die wagklassie tye is dus **SLEGS van 12:15 (RR) en 12:30 (R) tot 14:00** en **STRENG** vooruitbetaalbaar. Gelde word in **KONTANT** by Kayla Vorster inbetaal. Geen direkte inbetalings aan die Laerskool sal aanvaar word nie. Die assistente van Klein Lochieland maak beurte om toesig te hou oor die leerders en hierdie geld word aangewend tot hul vervoer. Kontak Kayla by **adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za**
Kostes:
R200-00 per maand
R600-00 per kwartaal

Die Nasorg word apart van die skool bestuur. Vir aansoeke kontak **mhuman@lochnerhof.co.za** hoewel ons reeds van graad RR tot graad 3 vol is vir 2025. Dit maak 17:30 toe en die ouers betaal maandeliks in 'n aparte rekening. Teen hierdie tyd het die ouers ook reeds hul Ooreenkomste vir 2025 voltooi. Kontak Annemarie Nel i.v.m. betalings by **annemarie.annemarie.nel@gmail.com** Bewys van betalings word ook aan haar gestuur, asb.

KLEIN LOCHIELAND se PADPATROLLIE
Klein Lochieland het ons eie ouer/personeel-padpatrollie. Ouers en personeel maak beurte om die vloei van die verkeer en die beveiliging van ons kleuters se aflaaiproses te monitor. Indien u belangstel om te help, stuur 'n e-pos na **mhuman@lochnerhof.co.za** Hoe méér ouers help, hoe minder beurte gaan u hê.

Dit maak ‘n groot verskil in die vloei van die verkeer, dus moedig ons u aan om te help asb! Ons wil graag so gou as moontlik ons ouers betrek. Ons het reeds agt ouers wat bereid is om te help!

Verlede jaar was ‘n uitstekende jaar, want ons het so baie ouers gehad dat hulle net een maal per maand ‘n beurt gehad het.

Vriendelike versoeke

- Ouers moet asb. nie voor die twee onderwysershekke parkeer as kleuters op- en afgelaai word nie. Ons besef die parkering gaan ‘n beproewing wees, maar die onderwysers-opritte moet asb. te alle tye vir noodgevalle oopgelos word.
- Kleuters wat huis toe gaan, moet asb. **stiptelik** afgehaal word. Slegs Nasorg- en wagklaskinders mag ná 12:40 op die terrein wees. Graad RR kleuters gaan om 12:15 en Graad R kleuters om 12:30 huis toe om opeenhoping by die hek te voorkom.

GRAAD R-INLIGTING:

LOCHNERHOF INTERHUIS ATLETIEK: VRYDAG 24 JANUARIE

Ons graad R-kleuters gaan weer hierdie jaar aan die Interhuis Atletiek deelneem. Hulle is reeds in die verskillende huise ingedeel. Alle reëlings sal nog aan die ouers deurgegee word.

AFSKRIF VAN GEBOORTESERTIFIKAAT en KLINIEKKAART

Alle graad R-ouers moet ‘n afskrif van u kleuter se geboortesertifikaat en kliniekkaart skool toe stuur vir ons rekords, asb. Dit moet asb. so spoedig moontlik ingehandig word of per e-pos gestuur word na **adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za** Ons besef dis in die aansoekvorm, maar hierdie is vir die rekords van die personeel.

Ons tema vir volgende week is:		**MY NUWE SKOOL**
Maandag	20 Januarie:	***-Elke graad R-kleuter bring 5 stukkies braaihout, asb.*** ***-ALLE INLIGTINGS-, SOSIALE MEDIA en OUERBE-TROKKENHEIDSVORMS MOET ASB. INGEHANDIG WORD*** ***-ONTHOU ASB OOK DIE AFSKRIFTE VAN DIE KLINIEKKAART EN DIE GEBOORTESERTIFIKAAT*** Ons leer ons Klein Lochieland skoollied
Dinsdag	21 Januarie:	Ons oefen 36-stuk legkaarte
Woensdag	22 Januarie:	Ons teken onsself
Donderdag	23 Januarie:	Ons oefen atletiek
Vrydag	24 Januarie:	***Laerskool Lochnerhof Interhuis-atletiekdag: Graad R-kleuters hardloop slegs die 60m om ongeveer 11:00*** ***Kenmekaarbraai en atletiek om 18:00***
Saterdag	25 Januarie:	***Juffrou Edwina, assistent van die Hasieklas verjaar.*** ***Baie geluk!***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is:		**ORIëNTERING**
Maandag	20 Januarie:	***ALLE INLIGTINGS-, SOSIALE MEDIA en OUERBE-TROKKENHEIDSVORMS MOET ASB. INGEHANDIG WORD*** Ons verf ‘n prentjie van ons klassimbole
Dinsdag	21 Januarie:	Ons kleur ‘n blom in
Woensdag	22 Januarie:	Ons verf ‘n vis
Donderdag	23 Januarie:	Ons bou ‘n legkaart

Vrydag 24 Januarie: Bak-en-Brou: ‘n Reënboog
Kenmekaarbraai en atletiek om 18:30

Baie dankie aan al die ouers vir julle positiewe gesindheid en samewerking hierdie week. Ons sien uit daarna om hierdie jaar met u kleuters te werk. Indien u enige navrae het, kan u ons gerus by die skool skakel of ‘n boodskap laat. Ons telefoonnommer is 021-854 8592. Die sekretaresse, **Kayla Vorster**, sal u boodskappe ontvang. Personeel moet nie gedurende skoolure gepla word nie, asb.
Daar kan ook ‘n e-pos aan Kayla by **adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za** gestuur word.

Vriendelike groete

Hoof van Klein Lochieland:
Maritha Human

Graad R-personeel:

Anja Goddard	(R1- Eendjieklas)
Janita Hanekom	(R2- Beertjieklas)
Chantelle Roelofse	(R3- Vissieklas)
Cara Ras	(R4- Hasieklas)

Graad RR-personeel:

Carlene Henning	(RR1- Bytjieklas)
Paula Truter	(RR2- Skoenlapperklas)
Michelle Kruger	(RR3- Besieklas)
Vernanda Kemp	(RR4- Miertjieklas)
Jané Strauss	(RR5- Naaldekokerklas)